

**Skriflesing:** Genesis 49:1-15; Hebreërs 11:32-12:2

Teks: **Genesis 49: 14-15**

**Sing: Ps. 36:2; Ps. 138:1,4; Ps. 68:12; Ps. 36:3**

Vanoggend kom ons by die sesde seun van Jakob. Broeder en suster, by die ontdekking van Issaskar sal ons op die volgende drie dinge let. Eerste, baie kortliks, die mooi dinge wat rondom Issaskar gesê word. In die tweede plek die verlamde, die verarmde dinge in die lewe van Issaskar. In die laaste plek- wat sê dit vir ons. Hoe kan ons lewens deur Issaskar verryk word- hoe kan ons op die hoogte kom. Daar moet met Issaskar berge geklim word, spesifiek die berg Tabor.... Eerste dan-

### **Die mooie wat van Issaskar gesê word –**

Jakob sê hy is 'n sterkgebeende esel, of dan nou 'n sterk pakkier. En dit word as geen belediging beskou om Issaskar 'n donkie te noem nie. 1 Kron.12:32 wys vir ons op verdere mooi dinge van die Issaskar-stam. Daar staan van hierdie stam- *en van die seuns van Issaskar, met kundige insig wat die tye betref, om te weet wat Israel moes doen...* Daar word gepraat van hulle vermoëns om die tekens van die tye te kon onderskei; hulle was mense wat diplomaties dinge kon raakvat en met woorde dinge kon fynvat. Daar was 'n ingebore aanvoeling om 'n saak oop te maak, duidelik en werkbaar te maak. Mense wat op die regte tyd, die regte woord kan sê en wat 'n saak dan ook in die regte rigting sal stuur.

Jakob praat van die land wat lieflik was, goeie woonplek, maar wat maak ons daarmee. Issaskar word genoem 'n sterkgebeende esel, hy is groot, hy is kragtig, maar dan staan daar, dat hy tussen die veekrale lê, dit kan ook vertaal word dat *hy gaan lê tussen sy twee saalsakke*. Die Hebreus praat van הַמְשַׁפְּתִים- wat wys hy het gaan neerlê tussen die twee pakke- Só staan dit ook in die ou Nederlandse Statevertaling- *Issaschar is een sterk gebeende ezel, nederliggende tussen twee pakken*. Dit is ons tweede gedagte-

### **Die verarming wat by Issaskar gebeur het-**

Ons kan dit alles terugneem na Issaskar se geboorte bed – wat het daar gebeur voor hy die wêreld kon inkom? Sy naam Issaskar, beteken huur-/ek het gehuur. En so het dit gebeur. Ruben was nog 'n vyfjarige seuntjie, toe het hy in die veld 'n tipe vrug gepluk wat genoem is – liefdes appeltjies. En hy het vir sy ma Lea gebring, terwyl Ragel dit gesien het.

En nou was daar die bygeloof dat hierdie vrug 'n vrou wat onvrugbaar is, vrugbaar kan maak. En so was Ragel die onvrugbare, wat op daardie stadium nog geen kinders kon hê nie. Die toegesluite moederskoot wat ons verlede Sondag al gesien het...(Spr. 30:16). Ragel se

Pretoria- 17 Junie 2012

begeerte na kinders- die leë skoot, die vol graf praat met mekaar maar kry mekaar nie gevul nie, kry nie genoeg nie. Ragel wat lewe en graf sommer een wil maak- *Gee my kinders anders sterf ek...* As Ragel die bossie appeltjies in die seuntjie Ruben se hande sien dan vra sy vir Lea- *Gee my tog van jou seun se liefdes appels*. En hierdie vrouens doen toe alreeds wat eintlik die kenmerk van Issaskar se lewe sou word.

Elkeen tree op in eiebelang en hulle sluit daar 'n koue saaklike ooreenkoms. Alles gaan om betaling, wat kan my voordeel wees, wat kan ek hieruit kry –Lea wil Jakob se liefde alleen vir haar hê, Ragel wil kinders hê – en eiebelang kom eerste. Die eerste wat Jakob hoor toe hy die aand uit die veld kom, is dat hy die nag by Lea moet slaap, want *ek het jou eerlik gehuur vir my seun se liefdes appels* – ek het jou ge- Issaskar – ek het jou gehuur.....ware liefde het by sy verwekking geen rol gespeel nie. So sou daar ook in die plek van ware liefde, net eiebelang, Issaskar en sy nageslag se lewe vol staan.

\*\*\*

Sy naam is *huur...ek het jou gehuur*, sy lewe word 'n lewe van verhuring. Hy word een wat soos Jakob sê – Hy sien 'n goeie landstreek, 'n mooi land, *die rus is goed, die land is lieflik en daarvoor buig hy sy skouer*. Hy word huurling... Hy onderwerp hom aan dwangarbeid, aan slawewerk. Hy sal sy eie beginsels uithuur, homself verslaaf, ter wille van eiebelang. Daar staan op sy voorkop geskrywe, ek is te huur, ek is te huur, wie maak vir my die hoogste aanbod, wat gee vir my die beste voordeel.

\*\*\*

As ons die lys van geloofshelde in Hebreërs 11 sien, dan was daar nie 'n enkele een wat so opgetree het nie. Hulle maak nie eers vooraf allerhande sommetjies, sluit kompromieë, mense wat kapituleer die oomblik wanneer dit hulle die beste pas nie. Môre dan besluit hulle weer heel anders, want hulle situasie bepaal hulle besluite. So lyk die galery in Hebreërs 11 nie. Hebreërs 11 kom met mense wat sou werk, nie wat hulle eie voordeel, eie gemak soek, soos Jakob sê – *tussen die veekrale... tussen die saalsakke lê nie*. Dan kom daar skielik nog baie ander dinge by. Hy lê voor die vraag wat hy moet dra. Hy wil net homself dra, hy wil nie ook ander se laste dra nie.

Die lê by die veekrale, tussen die saalsakke, laat ons hierdie sakke duidelike name gee. Die een sak is roeping en die ander sak is verantwoordelikheid. Wie tussen hierdie twee sakke lê, sal net by geleentheid opstaan, om dit te dra, solank die stem van die drywer swaarder weeg as die gewig van die sakke, maar gou kom die tyd om maar weer tussen die sakke te gaan lê.

Die Issaskar-mens draai so vas in sy eie dinge, dat alle ander dinge word koue, vêraf sake, waarby ek nie werklik belang het nie. As ek nie eiebelang kan kry nie, dan wil ek geen belang hê nie. Die Issaskar-geaardheid kan fyn planne maak, wanneer iets hom sal pas, maar by die werklike nood in kerk en samelewing sal jy hom nie sommer intrek nie.

\*\*\*

En onthou, die Here praat heeldyd hier van sterk mense. Hulle het krag, hulle het invloed, maar hulle sal dit alleen gebruik, as dit hulle pas en dit werklik tot hulle eie voordeel kan wees. Sou daar in Dawid se tyd weer oorlog kom en die stamme word opgeroep, dan stuur die ander stamme duisende manne, Sebulon stuur 50000 man, 'n ander stam stuur 80000, 'n ander 20000. Uit Issaskar, kom daar toe net 200- die ander stuur duisende, hulle stuur 200 en boonop nie om oorlog te maak nie. Dit was sg. wyse manne, fyn diplomate wat wil kom om te onderhandel. Die besluit is nou maar om eerder belasting te betaal, rus nou maar eerder as om weer te gaan veg. Eiebelang weeg die swaarste.

\*\*\*

In die seëninge wat Moses vir die stamme in Deuteronomium 33 laat hoor, dan sê hy – *Verheug jou Sebulon oor jou togte en Issaskar oor jou tente....*in sy tente, weer die gedagte van hulle is nie werklik daar waar die werk is nie. Sebulon, Issaskar, deel dieselfde landstreek, hulle deel in die volle vrugbaarheid van die landstreek wat al vir Jakob opgeval het.

Jisreël was dieselfde gebergtes waar Nabot sy goeie familie-wingerd gehad het. Saam met Sebulon het Issaskar die vrug van harde werk geniet. Hulle het almal ryk geword uit die handel, waar kameel-karavane, die een na die ander oor hulle grondgebied sou trek, ook om met die skepe in die naby geleë hawe van Sidon handel te gaan dryf. In die vrugbare, welgeleë land kon hulle met berekende minimum inset tog wel maksimum-oes en inkomste verkry. In sy selfsug kry die stam van Issaskar dinge reg, hulle word selfs ryk en nog ryker, terwyl hulle eintlik lief is om op die louere te rus, tussen die saalsakke te sit.

Geliefdes, hier gebeur wat ons vir onself moet uitmaak. Ons kry die situasie van hulle het 'n verhoogde lewenstandaard maar dit gaan gepaard met 'n verlaagde geloof standaard. In selfsug kan jy die hele wêreld as wins en as eiendom verkry, maar dan met die geweldige skade wat jy aan jou siel ly. Jesus het gevra - *Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?* (Matt.16:26).

Issaskar kry deel aan die mooi land, die goeie grond en tog daar is 'n dure prys. Slawewerk, dwangarbeid, belastings wat Issaskar se stamgenote aan vreemde moondhede sou moes opdok deur die geskiedenis heen. Verskeie oorloë deur die rigter tyd en ook deur die konings tyd, het die stam laat besluit. Ons sluit eerder kompromie, ons gee eerder beginsels prys. Dit is goedkoper om eerder met die vyand samesprekings te voer en met 'n bedrag ooreen te kom, as om in 'n oorlog gewikkel te raak. Weereens iets van die klanke van Lea, wat maar net-nie wou gaan lê nie-dié Issaskar- klank- ek het gehuur – verhuur, verkoop jou beginsels, verhuur jouself en jou land, gee eerder prys, verkoop jou wysheid, verkoop jouself, wees bereid om jou lewe te verruil, te verhuur, vir tydelike wins. Hulle speel vir tyd en so speel hulle eintlik met onsigbare gawes – alles word deel van die verspeelde talent, wat begrawe word. Daar is nie die gawes wat ook na ander moet uitvloei nie. Net die self wat tel, die eie-ek, my eie-belange, koue selfsug.

\*\*\*

En die Here het hulle baie kanse gegee. Ons het nou-al op baie van hulle gewys. En tog moet hulle en so ook ons, altyd versigtig wees, om nie God se lankmoedigheid met God se seëninge te verwar nie. Dit is nie te sê dat as God my nie dadelik straf nie, dan is Hy eintlik besig om my te seën nie. God is wel lankmoedig. Op die einde het Issaskar alles verloor. Saam met die ander tien stamme is hy in ballingskap weggevoer en is die stam heeltemal verkneg en kon sy slaafsheid nie meer net 'n middel tot 'n doel wees nie. So kom ons dan by ons laaste gedagte- Hoe kan ons deur hierdie gedeelte verryk word. Daar is net één manier- die besef dat ek met tye sal moet bergklim...

### **Ons klim op die berg Tabor-**

In die land van Issaskar was daar twee gebergtes. Die een gebergte, Jisreël het ons reeds genoem, dit was waar ook Nabet was. Daar is sy lewe hom ontnem met Isebel se bese planne, wat weereens draai om eiebelang. Agab wou die wingerd gehad het. So word die bergland die toppunt van eiebelang, waar selfs God se lankmoedigheid opgeraak het en die honde Isebel se bloed gelek het.

Die ander berg, ook in die grondgebied van Issaskar, is die berg Tabor. By hierdie berg gebeur die dinge so anders as in die Jisreël-gebergte. Tabor was die berg van verheerliking, waar Moses en Elia aan Christus verskyn het. Daar het hulle met Jesus gepraat oor sy uitgaan uit hierdie wêreld uit. God het op hierdie berg sy Seun van sy liefde verseker. So praat Tabor van ware liefde en nie maar net eiebelang soos Jisreël nie. Van Tabor het Jesus afgeklim en toe was dit Jerusalem toe –Getsemane, Gabbata, Golgota toe, sy kruisdood tegemoet. En

Pretoria- 17 Junie 2012

Jesus doen alles, juis omdat dit sy eiebelange is wat Hy prysgee. (Ons sal in die tweede diens spesifiek hierop verder ingaan.) Jesus offer eiebelang ook vir Issaskar, vir u en my. As eiebelang by Jesus saak gemaak het en eiebelang sou die swaarste weeg, dan sou daar nie 'n kruis op Golgota gewees het nie. Christus het nie gekom met selfgesentreerde liefde nie, maar Hy het gekom met God gesentreerde liefde.

\*\*\*

God se koninkryk wil nie wees, waar eie belange heers nie.. As eiebelang geld, dan maak dit dinge in die kerk swaarder, ja dit smoor die dinge van God se koninkryk. Baie kosbare takke kan deur die euwel van eiebelang so vêr ombuig, dat die takke dreig om te breek en dit verswak ook die groei van dit wat nog groen is, dit wat nog kan groei. God se Woord moet in die kerk kan groei, die Woord moet 'n al hoe groter plek ons lewens inneem, maar as eiebelang oorneem, dan word selfs God se Woord verdring.

Dit is dan vir u en my, wat hierdie dinge besef, vir wie Christus vanoggend deur sy Heilige Gees oortuig dat ons ons radikaal moet bekeer. Daar kom in ons sin en strewe vir wat die kerk is en hoe die koninkryk ook deur my kerk-wees moet kom en groei. Die gogga van verhoogde lewenstandaarde nl. materialisme, kry ons dan by die agterdeur uitgegee. Ja, die mooie van verhoogde geloof standaard kom dan die voordeur ingestap. Wie dan op hierdie wyse ontdek dat God sy lewe ingeneem het, God het die voordeur van sy hele huishouding ingekom en oorgeneem, sal sonder reserwe in Christus se diens wil staan. Ek, my vrou, my kinders sal eie belange, aardse waardes wil aflê en Christus wil volg. En al doen ek dan nog môre dieselfde werk, dan is eintlik niks meer dieselfde nie. My selfsug, my eiebelang het dan soos mis voor die son verdwyn. Ons staan nie op Jisreël nie, daar waar God se geduld opgehou het nie, maar ons staan op Tabor, daar waar God se geduld met my en my lewe begin het.

Geduld sal nog altyd nodig wees, maar ek beoefen hierdie geduld nie met my menslike beginsel van eiebelang nie, maar ek beoefen geduld deur God se beginsel van ware liefde. Ek werk nie elke dag met die koue berekening van die mensdom nie, maar met die warmte van God se Vaderhart wat sy kinders sy koninkryk belange wil wys. Jy word dan 'n mens met Christus in jou. Jou naam kon nog Issaskar gewees het, maar nou is ek die Issaskar in Christus, die Issaskar in God se koninkryk.

AMEN